**2 Oktober**
**Skrifgedeelte: Johannes 14:1-15:8**
**Fokusgedeelte: Johannes 15:5**

## Herstel as beeld van God

Reeds aan die begin het Jesus sy visie vir die mens bekend gemaak toe Hy gesê het (Matt 5:14,16): “Julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien [die rede] en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.” Die Here Jesus het ons kom bevry van sonde. Hy het ons herskep tot dit wat God bedoel het wie en wat die mense moet wees. Die Here Jesus het ons nie alleen versoen met God die Vader nie. Ons is nou ook herskep na God se beeld. Daarmee is ons in staat gestel om die werke van God te kan doen. Ons moet die liefde en genade van die liefdevolle God in hierdie gebroke wêreld openbaar.

Wanneer Filippus Jesus vra om die Vader aan hulle te toon, is Jesus se teenvraag aan hom: Kan jy nie die Vader in My sien nie? Jesus sê aan hulle (Joh 14:11): “Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self.” Die Here Jesus se werke weerspieël dat Hy en die Vader een is. Jesus leer ons dat as ons Hom liefhet, ons Sy opdragte sal uitvoer (Joh 14:21). Hy beloof ons (Joh 15:5): “Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.” Met die Gees van God wat in ons woon, onsigbaar vir die wêreld (Joh 14:17), moet ons as beeld van God ‘n lig wees tot verheerliking van ons Vader. Het jy God vandag in die wêreld vertoon?

*Sing: Psalm 110:1-3 Ds RP van Wyk (Grassy Park)*